# Lesing 1 - 11 Junie 2020 - Die vernietegende Isebelgees in die Boerevolk

## Openbaring 2

2:20 Maar Ek het enkele dinge teen jou, dat jy **die vrou Isébel**, wat haarself 'n profetes noem, toelaat om te leer en My diensknegte te **verlei** om te **verbaster** en **slagdiere vir idole** te eet. [Miga 6:16]

2:21 En Ek het haar tyd gegee om haar van haar verbastering te bekeer, en sy het haar **nie bekeer** nie.

2:22 Kyk, Ek werp haar neer op 'n **siekbed**, en die wat met haar vermeng het, in 'n **groot verdrukking**, as hulle hul nie van hul werke bekeer nie.

2:23 En haar kinders sal Ek sekerlik **doodmaak**, en al die gemeentes sal weet dat dit Ek is wat **niere en harte** deursoek, en Ek sal aan elkeen van julle gee volgens sy handelinge. [JirmeJaH 17:10, Psalm 17:3]

## 1 Petrus 3

1Pe 3:1 NET so moet julle, **vroue**, **aan jul eie mans onderdanig wees**, sodat, as sommige aan die Woord ongehoorsaam is, hulle ook deur die **wandel van die vroue** sonder woorde gewin kan word

1Pe 3:2 as hulle jul **suiwer wandel** in die Vrees aanskou het.

1Pe 3:3 Julle versiering moet **nie uiterlik** wees nie: haarvlegtery en omhang van goud en aantrek van klere nie,

1Pe 3:4 maar die verborge adamiet van die hart in die **onverganklike versiering van 'n sagmoedige en stille gees**, wat baie kosbaar is voor Elohim.

1Pe 3:5 Want so het vroeër ook die aparte vroue wat op Elohim gehoop het, hulleself versier, **en hulle was aan hul eie mans onderdanig,**

1Pe 3:6 soos Sarah gehoorsaam was aan Abraham en hom meester genoem het; wie se kinders julle is **as julle goed doen** en geen enkele verskrikking vrees nie.

1Pe 3:7 Net so moet julle, **manne**, verstandig met hulle saamlewe en **aan die vroulike geslag, as die swakkere, eer bewys**, omdat julle ook **mede-erfgename van die Barmhartigheid** van die lewe is - **sodat julle gebede nie verhinder mag word nie**.

1Pe 3:8 EN eindelik, wees almal **eensgesind, medelyend, vol broederliefde en ontferming, vriendelik.**

1Pe 3:9 **Vergeld geen** besoedeling met besoedeling of skeldwoorde met skeldwoorde nie, maar seën inteendeel, omdat julle weet dat julle hiertoe geroep is, **sodat julle seën kan beërwe**.

## Lesing 2 - 11 Junie 2020 - Die vernietegende Isebelgees in die Boerevolk

### 1 Konings 16

16:29 EN Agab, die seun van Omri, het oor **JisraEl koning geword in** die agt-en-dertigste jaar van Asa, die koning van JeHûWdah; en Agab, die seun van Omri, het in Samaría oor JisraEl twee-en-twintig jaar geregeer.

16:30 En Agab, die seun van Omri, het **gedoen wat besoedel is in die Oë van JaHWeH**, meer as al sy voorgangers.

16:31 En dit was nog die minste dat hy in die oortredinge van Jeróbeam, die seun van Nebat, gewandel het: **hy het Isébel, die dogter van Et-Baäl, die koning van die Sidoniërs, as vrou geneem, en die Here (Baäl) gaan dien en voor hom neergebuig**,

16:32 en vir die **Here (Baäl)** 'n altaar opgerig in die **huis van die Here (Baäl)** wat hy in Samaría gebou het.

16:33 Ook het Agab die **Houtkruis** gemaak, en Agab het nog meer gedoen om JaHWeH, die Elohey van JisraEl, te tart as al die konings van JisraEl, sy voorgangers.

16:34 In sy dae het GijEl, van BetEliete, Jérigo **opgebou;** ten koste van Abiram, sy eersgeborene, het hy sy fondament gelê, en ten koste van Segub, sy jongste, sy poorte opgerig, volgens die Woord van JaHWeH wat Hy deur die diens van JeHôWshua, die seun van Nun, gespreek het.

### 1 Konings 17

17:1 EN **EliJaHûW**, die vreemdeling, uit Tisbiet in Gílead, het vir Agab gesê: So waar as JaHWeH, die Elohey van JisraEl, leef, voor Wie se Aangesig ek staan, **daar sal geen dou of reën in hierdie jare wees nie, behalwe op my woord! [**Openbaring 11:6]

17:2 Toe kom die Woord van JaHWeH tot hom en sê:

17:3 Gaan hiervandaan weg en draai jou na die ooste toe en **steek jou weg** by die spruit Krit wat oos van die Jordaan is;

17:4 en jy moet uit die spruit drink, en Ek het aan die **kraaie bevel gegee** om jou daar te onderhou.

17:5 En hy het gegaan en gehandel volgens die Woord van JaHWeH: hy het gaan bly by die spruit Krit wat oos van die Jordaan is.

17:6 **En die kraaie het vir hom smôrens brood en vleis gebring, en saans brood en vleis**, en hy het uit die spruit gedrink.

17:7 Maar ná verloop van tyd **het die spruit opgedroog, want daar was geen reën in die Aarde nie**

17:8 Toe kom die Woord van JaHWeH tot hom en sê:

17:9 Maak jou klaar, gaan na **Sarfat (verfyn/reinig) wat by Sidon (visvangplek)** is, en bly daar; kyk, daar het Ek aan 'n **weduwee** bevel gegee om jou te onderhou.

17:10 Daarop het hy hom gereed gemaak en na Sarfat gegaan; en toe hy by die ingang van die stad kom, was 'n weduwee juis besig om daar houtjies bymekaar te maak. En hy roep haar en sê: Gaan haal tog vir my 'n bietjie **water** in die kan, dat ek kan drink.

17:11 Terwyl sy loop om dit te gaan haal, roep hy na haar en sê: Bring tog vir my 'n stukkie **brood** saam.

17:12 Maar sy antwoord: So waar as JaHWeH, u Elohey leef, ek het nie 'n broodkoek nie, **net maar 'n handpalm gevul met meel in die pot en 'n bietjie olie in die kruik;** en hier maak ek nou 'n paar houtjies bymekaar; dan gaan ek en maak dit vir my en my seun klaar, dat ons dit kan eet en sterwe.

17:13 En EliJaHûW sê vir haar: Wees nie bevrees nie, gaan heen, doen volgens jou woord; **maar maak eers daarvan vir my 'n broodkoekie** en bring dit uit vir my; daarna kan jy vir jóu en jou seun iets klaarmaak.

17:14 Want so sê JaHWeH, die Elohey van JisraEl: **Die meel in die pot sal nie opraak en die olie in die kruik sal nie minder word nie, tot op die dag dat JaHWeH reën op die aangesig van die Adamah[adamiet se Aarde] sal gee.**

17:15 En sy het gegaan en gehandel volgens die woord van EliJaHûW; en sy het geëet - **sy en hy en haar gesin dae lank:**

17:16 die meel in die pot het nie opgeraak en die olie in die kruik nie minder geword nie, volgens die Woord van JaHWeH wat Hy deur die diens van EliJaHûW gespreek het.

*Lukas 4:25 Maar Ek sê vir julle met Waarheid, daar was **baie weduwees** in JisraEl in die dae van EliJaHûW toe die Hemele toegesluit was drie jaar en ses maande lank, toe daar 'n **groot hongersnood** gekom het in die hele Aarde, [1 Konings 17:1]*

*4:26 en na nie een van hulle is EliJaHûW gestuur nie, **behalwe na Sarfat in Sidon, na 'n weduwee.***

**Woord ontvang op 28/10/19; 12H00 aan Daniel Grobbelaar**

# Lesing 3 - 12 Junie 2020 - Die vernietegende Isebelgees in die Boerevolk

"...So oorwin die LIEFDE altyd wanneer julle MY Gereedskap en Wapenrusting altyddeur gebruik om die duisternis, haat en twis te **vermy**, te verdryf en op te los. EK IS WAT EK IS en EK IS LIEFDE. Wees op julle wakkerste nou MY boerevolk! Die tye is hier en gaan **baie versleg** omdat MY Planne en Doelwitte in werking is. EK wil julle uit die sisteem uit kry om sodoende die beste saligheid vir julle siele te bewerk waar EK alleenlik julle Koning sal wees. Hierdie sisteem het julle te lank gevange gehou en tesame daarmee het julle te gou vergemaklik in die valse veiligheid en valse vrede van die sisteem. EK en NET EK, bring die Ware Vrede en Verlossing!....

Wees wakker **MY Boerevolk** en bieg nie meer voor die dier en sy **Isebel-gees** nie. Dit is sy wat baie **verwoesting saai onder julle gemeentes, families en tot binne-in verhoudings**. Aan alles wil MY teenpool julle bedwelmd maak sodat julle aan die slaap gesus kan word deur die **moord op julle siele** te loods....

### EliJaH rig die weduwee se seun op uit die dood

17:17 Ná hierdie dinge het die seun van die vrou, die eienares van die huis, siek geword; en sy siekte was baie ernstig, totdat daar geen asem meer in hom oorgebly het nie.

17:18 Toe sê sy vir EliJaHûW: Wat het ek met u te doen, man van die Elohim! U het na my gekom om my ongeregtigheid in gedagtenis te bring en my seun dood te maak!

17:19 Maar hy antwoord haar: Gee jou seun vir my. En hy het hom van haar skoot af geneem en hom opgedra na die **bo-kamer** waar hy self gewoon het, en hom op sy bed neergelê;

17:20 en hy het JaHWeH aangeroep en gesê: JaHWeH my Elohey, het U selfs oor die weduwee by wie ek as vreemdeling vertoef, **'n straf gebring deur haar seun te laat sterwe?** [MattithJaHûW 17:12]

17:21 Daarop het hy hom **drie maal** uitgestrek oor die kind en JaHWeH aangeroep en gesê: JaHWeH my Elohey, **laat die siel van hierdie kind tog in hom terugkeer.** [MattithJaHûW 17:11]

17:22 En JaHWeH het EliJaHûW verhoor; en die siel van die kind het in hom teruggekeer, **sodat hy weer lewendig geword het.**

17:23 Daarop neem EliJaHûW die kind en bring hom af uit die bo-**kamer** in die huis en gee hom aan sy moeder; en EliJaHûW sê: **Kyk, jou seun lewe**!

17:24 En die vrou sê vir EliJaHûW: Nou weet ek dit dat u 'n man van Elohim is en **dat die Woord van JaHWeH in u mond Waarheid is.**

***Jesaja 5:7*** *Want die* ***Wingerd van JaHWeH*** *van die skeppings-leërmagte is die* ***Huis van JisraEl,*** *en die* ***Manne van JeHûWdah is die Tuin van Sy verlustiging****; en*

## Lesing 4 - 13 Junie 2020 - Die vernietegende Isebelgees in die Boerevolk

*Hy het gewag op Reg, en kyk, bloedvergieting; vir Geregtigheid, en kyk, 'n geskreeu! [JeshaJaH 8:14]*

*5:8 Wee hulle wat **huis aan huis** trek, **akker aan akker** voeg, totdat daar geen plek meer is nie, en julle **alleen grondeienaars** van die Aarde is. [Boekrol van Henog 99:13]*

> *The word Jezreel comes from two Hebrew root words meaning "**to sow**" and "**almighty**." Put together, the two root words mean "**Elohim will sow.**"*

### Nabot se Wingerd

**1Konings 21:1** EN ná hierdie dinge het dit gebeur: Nabot, 'n JizreEliet, het in JizreEl 'n Wingerd gehad, wat langs die paleis van Agab, die koning van Samaría, was.

21:2 En Agab het met Nabot gespreek en gesê: Gee my jou Wingerd, **dat Sy my groentetuin kan word**, want Sy is naby, langsaan my huis; dan sal ek jou in die plek van Haar 'n wingerd gee wat beter is; of as dit goed is in jou oë, sal ek jou die koopprys van Haar in silwer gee.

3 Maar Nabot het vir Agab gesê: Mag JaHWeH my daarvoor bewaar dat ek **die Erfdeel van my vaders** aan u sou gee!

4 Toe kom Agab in sy huis, verbitterd en toornig oor die woord wat Nabot, die JizreEliet, met hom gespreek het, naamlik: Ek mag nie die erfdeel van my vaders aan u gee nie. En hy het op sy bed gaan lê en sy gesig omgedraai en geen brood geëet nie.

5 Daarop kom sy vrou Isebél by hom en sê vir hom: Waarom is jou gees dan so verbitterd dat jy geen brood eet nie?

6 En hy antwoord haar: Omdat ek met Nabot, die JizreEliet, gespreek en aan hom gesê het: Gee my jou Wingerd vir silwer, of as jy wil, sal ek jou 'n wingerd in die plek van Haar gee - maar hy het gesê: **Ek mag my Wingerd nie aan jou gee nie.**

7 Toe sê sy vrou Isébel vir hom: Oefen jy nou die koningskap oor JisraEl uit? Staan op, eet brood, en laat jou hart vrolik wees: **<u>ek sal jou die Wingerd van Nabot, die JizreEliet, gee.</u>**

***1 Kon 16:31 ...hy (Agab) het Isébel, die dogter van Et-Baäl, die koning van die Sidoniërs, as vrou geneem, en die Here (Baäl) gaan dien en voor hom neergebuig,*** *16:32 en vir die **Here (Baäl)** 'n altaar opgerig in die **huis van die Here (Baäl)** wat hy in Samaría gebou het. 16:33 Ook het Agab die **Houtkruis** gemaak,*

8 Daarop het **sy** briefrolle in die naam van Agab geskrywe en met **sy** seël dit verseël en die briefrolle gestuur aan die oudstes en die edeles wat in sy stad was, wat by Nabot gewoon het.

9 En in die briefrolle het sy dit geskrywe: Roep 'n vasdag uit, en sit Nabot vooraan onder die volk;

10 en sit twee manne, seuns van Belijaal, teenoor hom, wat teen hom getuig en sê: **Jy het Elohim en die koning gevloek! Lei hom dan uit en stenig hom, dat hy sterwe.**

11 Die manne van sy stad, die oudstes en die edeles wat in sy stad gewoon het, maak toe soos Isébel hulle laat weet het, soos geskrywe was in die briefrolle wat sy aan hulle gestuur het.

12 Hulle het 'n vasdag uitgeroep en Nabot vooraan onder die volk gesit.

13 Toe kom die twee manne, die seuns van Belijaal, en gaan sit teenoor hom; en die deugniete het teen hom, teen Nabot, voor die volk getuig en gesê: Nabot het Elohim en die koning gevloek. Daarop lei hulle hom buitekant die stad uit en stenig hom, sodat hy gesterf het.

14 Daarna laat hulle Isébel weet: **Nabot is gestenig en is dood.**

15 Net toe Isébel hoor dat Nabot gestenig en dood was, **sê Isébel vir Agab**: Staan op, neem die Wingerd van Nabot, die JizreEliet, in besit wat hy geweier het om vir silwer aan jou te gee; want Nabot leef nie, maar is dood.

16 Net toe Agab hoor dat Nabot dood was, het Agab opgestaan om na die Wingerd van Nabot, die JizreEliet, af te gaan om Haar in besit te neem.

17 Maar die **Woord van JaHWeH het tot EliJaHûW**, die Tisbiet, gekom en gesê:

18 Maak jou klaar, gaan af Agab, die koning van JisraEl, wat in Samaría is, tegemoet; kyk, hy is in die Wingerd van Nabot, waarheen hy afgegaan het om Haar in besit te neem.

19 En jy moet met hom spreek en sê: So sê JaHWeH: Het jy moord gepleeg en Haar ook in besit geneem? Verder moet jy met hom spreek en sê: So spreek JaHWeH: **Op die plek waar die honde die bloed van Nabot gelek het, sal die honde ook jou eie bloed lek**.

***Mattheus 7:6*** *Moenie **wat van die Apartheid is**, aan die **honde** gee nie; en gooi julle pêrels nie voor die **varke** nie, sodat hulle dit nie miskien **met hulle pote vertrap en omdraai en julle verskeur nie.** [Spreuke 5:15 - 17]*

20 Daarop sê Agab vir EliJaHûW: Het jy my gekry, **my vyand**? En hy antwoord: Ek het u gekry, omdat u uself verkoop het om te doen wat besoedel is in die Oë van JaHWeH

21 Kyk, Ek gaan ellende bring oor jou en jou skoon wegvee; en Ek sal van Agab uitroei al wat urineer teen 'n muur in JisraEl, sonder uitsondering.

22 En Ek sal jou huis maak soos die huis van Jeróbeam, die seun van Nebat, en soos die huis van Baésa, die seun van AgiJaH; **weens die getart waarmee jy [My] getart het, en dat jy JisraEl laat oortree het**.

23 En ook oor Isébel het JaHWeH gespreek en gesê: **Die honde sal Isébel eet by die voorskans van JizreEl**.

24 Die een wat van Agab in die stad sterwe, hom sal die **honde** eet, en wie in die veld sterwe, sal die **voëls van die Hemele** eet.

***1Konings 19:16*** *En **JyHûW**, die seun van Nimsi, moet jy **salf as koning** oor JisraEl; en **EliShua**, die seun van Safat, uit Abel-Mehóla, moet jy **salf as profeet** in jou plek.*

## Lesing 5 - 15Junie 2020 - Die vernietegende Isebelgees in die Boerevolk

***Jehu** (Hebrew: יֵהוּא Yehu, **meaning** "Yahu is He"; Akkadian: Ia-ú-a; Latin: Iehu) was the tenth king of the northern Kingdom of Israel since Jeroboam I, noted for exterminating the house of Ahab.*

### JyHûW (Jehu), die gesalfde koning van Israel

2Ki 9:1 TOE roep die **profeet EliShua** een van die profete-seuns en sê vir hom: Gord jou heupe en neem hierdie kruik met olie in jou hand en gaan na Ramot in Gílead.

2Ki 9:2 As jy daar kom, kyk dan waar **JyHûW**, die seun van JeHôWshafat, die seun van Nimsi, is; en gaan in en laat hom opstaan onder sy broers uit en bring hom in 'n binnekamer;

2Ki 9:3 neem dan die kruik met olie en giet haar op sy hoof uit en sê: So spreek JaHWeH: **Ek salf jou tot koning oor JisraEl**. Maak dan die deur oop en vlug en vertoef nie.

2Ki 9:4 En die jongman, die dienaar van die profeet, het gegaan na Ramot in Gílead.

2Ki 9:5 Toe hy aankom, het die owerstes van die leër juis daar gesit; en hy sê: **Ek het 'n woord vir u**, owerste. En JyHûW vra: Vir wie van ons almal? En hy antwoord: Vir u, owerste!

2Ki 9:6 En hy het opgestaan en in die huis ingegaan. Toe giet hy die olie op sy hoof uit en sê vir hom: So spreek JaHWeH, die Elohey van JisraEl: **Ek salf jou as koning oor die volk van JaHWeH, oor JisraEl.**

2Ki 9:7 **En jy sal die huis van Agab, jou meester, verwoes,** sodat Ek die bloed van My knegte, die profete, en die bloed van al die knegte van JaHWeH op Isébel kan wreek;

2Ki 9:8 en die **hele huis van Agab** sal omkom, en Ek sal van Agab uitroei al wat urineer teen 'n muur in JisraEl, sonder uitsondering.

2Ki 9:9 Want Ek sal die huis van Agab maak soos die huis van Jeróbeam, die seun van Nebat, en soos die huis van Baésa, die seun van AgiJaH.

2Ki 9:10 **En die honde sal Isébel eet op die dorpsgrond van JizreEl, en daar sal niemand wees wat [haar] begrawe nie.** Daarna het hy die deur oopgemaak en gevlug.

2Ki 9:16 **Toe klim JyHûW op die strydwa** en trek na JizreEl, want JôWram het daar gelê; en AgazJaH, die koning van JeHûWdah, het afgekom om JôWram te besoek.

2Ki 9:17 En terwyl die wag op die toring in JizreEl staan, sien hy die skare van JyHûW, terwyl hy aankom, en sê: Ek sien 'n skare. Toe sê JeHôWram: Neem 'n ruiter en stuur hulle tegemoet, en laat hom vra: Is dit vrede?

2Ki 9:18 En die perderuiter het hom tegemoet gegaan en gesê: So vra die koning: Is dit vrede? Maar JyHûW antwoord: Wat het jy met die vrede te doen? Volg my! En die wag het dit te kenne gegee en gesê: Die boodskapper het tot by hulle gekom, maar hy kom nie terug nie.

2Ki 9:19 Daarop stuur hy 'n ander perderuiter; en toe dié by hulle kom, sê hy: So vra die koning: Is dit vrede? Maar JyHûW antwoord: Wat het jy met die vrede te doen? Volg my!

2Ki 9:20 En die wag het dit te kenne gegee en gesê: Hy het tot by hulle gekom, maar hy kom nie terug nie. **Maar die drywe is soos die drywe van JyHûW, die seun van Nimsi, want hy dryf soos 'n kranksinnige**.

2Ki 9:21 Toe sê JeHôWram: Span in. En hulle het sy wa ingespan; en JeHôWram, die koning van JisraEl, het uitgetrek, en AgazJaHûW, die koning van JeHûWdah, elkeen op sy wa - hulle het uitgetrek JyHûW tegemoet en hom aangetref **op die stuk grond van Nabot**, die JizreEliet.

2Ki 9:22 En net toe JeHôWram JyHûW sien, sê hy: Is dit vrede, JyHûW? Maar hy antwoord: **Wat? Vrede, solank as die hoererye van jou moeder Isébel en haar towerye so baie is?**

***Jeremia 8:11** En hulle genees die verbreking van die Dogter van My Volk op die maklikste manier deur te sê: **Vrede, Vrede! - terwyl daar geen Vrede is nie**.*

*8:13 Saamskraap, **wegraap** sal Ek hulle, spreek JaHWeH. Daar is **geen druiwe aan die Wingerdstok** en **geen vye aan die Vyeboom nie**, ja, die blare verdor. So het Ek ook vir hulle dié bestel wat dwarsoor hulle sal gaan.*

2Ki 9:24 Maar JyHûW het die boog gespan en JeHôWram tussen sy arms geskiet, sodat die pyl deur sy hart uitgegaan en hy in sy wa inmekaargesak het.

2Ki 9:26 Voorwaar, Ek het die **bloed van Nabot** en die bloed van sy seuns verlede nag gesien, spreek JaHWeH, en Ek sal hom aan jou vergelde op hierdie stuk grond, spreek JaHWeH. **Tel dan nou op, gooi hom op die stuk grond volgens die Woord van JaHWeH**.

2Ki 9:30 En JyHûW het in JizreEl gekom. **Toe Isébel dit hoor, het sy haar oë swart geverf en haar hoof versier en deur die venster uitgekyk.**

2Ki 9:31 Terwyl JyHûW deur die poort inkom, sê sy: Gaan dit goed, Simri, moordenaar van jou meester?

2Ki 9:32 En hy het opgekyk na die venster en gevra: **Wie is vir my, wie?** Toe kyk twee, drie hofdienaars uit na hom;

2Ki 9:33 en hy sê: **Gooi haar af! En hulle het haar afgegooi, sodat van haar bloed teen die muur en teen die perde gespat het, en hy het haar vertrap**.

2Ki 9:34 En nadat hy ingegaan en **geëet en gedrink** het, sê hy: Kyk tog om na die vervloekte en begrawe haar, want sy is 'n koningsdogter.

2Ki 9:35 Maar toe hulle gaan om haar te begrawe, kry hulle van haar niks nie as net die hoofskedel en die voete en die handpalms.

2Ki 9:36 Daarop kom hulle terug en gee hom dit te kenne; en hy sê: **Dit is die Woord van JaHWeH wat Hy deur die diens van Sy kneg EliJaHûW, die Tisbiet, gespreek het, naamlik: Op die dorpsgrond van JizreEl sal die honde die vlees van Isébel eet**.

2Ki 9:37 **En die karkas van Isébel sal soos drek op die grond wees** op die dorpsgrond van JizreEl, sodat hulle nie sal kan sê: Dit is Isébel nie.

# Lesing 6 - 16 Junie 2020 - Die vernietegende Isebelgees in die Boerevolk

**Maleagi 4**

2 Maar vir julle wat My Naam vrees, **sal die Son van Geregtigheid opgaan**, en daar sal **genesing** onder Sy Vleuels wees; en julle sal uittrek en huppel soos kalwers uit die stal.

5 **Kyk, Ek stuur julle die profeet EliJaH[ûW] voordat die groot en ontsagwekkende dag van JaHWeH aanbreek.**

6 En hy sal die **hart van die vaders terugbring tot die kinders, en die hart van die kinders tot hulle vaders,** sodat Ek nie hoef te kom en die Aarde met die banvloek tref nie. [Wysheid van Sirah 48:10]

**1 Konings 18**

18:16 En ObadJaHûW het Agab tegemoet gegaan en hom dit meegedeel; en Agab het EliJaHûW tegemoet gegaan.

18:17 En net toe Agab EliJaHûW sien, vra Agab vir hom: Is dit jy, **jou beroerder van JisraEl**?

18:18 Toe sê hy: Ek het JisraEl nie in beroering gebring nie, maar u en u familie, **deurdat u die Gebooie van JaHWeH verlaat het en agter die Here (Baäl) aan geloop het.**

18:19 Stuur dan nou, laat die hele JisraEl by my bymekaarkom op die berg Karmel, ook die vierhonderd-en-vyftig **profete van die Here (Baäl)** en die vierhonderd **profete van die Houtkruis** wat aan die tafel van Isébel eet. [2 Ezra 7:39]

18:20 En Agab het gestuur onder al die kinders van JisraEl en die profete op die berg Karmel bymekaar laat kom.

18:21 En EliJaHûW het nader gekom na die hele volk en gesê: **Hoe lank hink julle op twee gedagtes**? Indien **JaHWeH die Elohim** is, volg Hom na; en indien die **Here (Baäl) hy is**, volg hom na! Maar die volk het hom niks geantwoord nie.

18:22 Toe sê EliJaHûW vir die volk: Ek het alleen oorgebly as profeet van JaHWeH, terwyl die profete van die Here (Baäl) vierhonderd-en-vyftig is.

18:23 Maar laat hulle vir ons twee bulle gee; dan kan hulle vir hul een bul uitkies en dit in stukke verdeel en op die hout sit, maar sonder om vuur te maak; en ék sal die ander bul gereedmaak en op die hout sit, maar ek sal geen vuur maak nie.

18:24 Roep julle dan die naam van julle gode aan, en ék sal die Naam van JaHWeH aanroep; en **die elohim wat met vuur antwoord**, Hy sal die Elohim wees. En die hele volk het geantwoord en gesê: Die woord is goed.

18:25 Verder het EliJaHûW aan die profete van die Here (Baäl) gesê: Kies vir julle een bul uit en maak hom eerste gereed, want julle is die meeste; en roep die **naam van julle gode aan**, maar julle mag geen vuur maak nie.

18:26 En hulle het die bul wat hy hulle gegee het, geneem en hom gereed gemaak en die **naam van die Here (Baäl)** van die môre tot die middag aangeroep en gesê: **o Here (Baäl), gee ons antwoord!** Maar daar was geen stem en niemand wat antwoord nie. En hulle het rondgespring op die altaar wat hulle gemaak het.

18:27 En toe dit middag was, het EliJaHûW met hulle gespot en gesê: Roep hard; hy is mos elohim! Hy is seker in gesprek, of hy is seker in 'n **privaat plek**, of hy is seker op reis; miskien slaap hy en moet wakker word.

18:28 En hulle het hard geroep en hulleself volgens hul gebruik met swaarde en spiese stukkend gekerwe tot die bloed op hulle uitgespuit het.

18:29 En toe die middag verby was, het hulle begin raas tot op die tyd dat die spysbydrae gebring word; maar daar was geen stem en niemand wat antwoord nie, en geen opmerksaamheid nie.

18:30 Toe sê EliJaHûW vir die hele volk: Kom nader na my. En die hele volk het nader gekom na hom; en hy het die altaar van JaHWeH herstel wat afgebreek was.

18:31 **Daarop neem EliJaHûW twaalf klippe volgens die getal van die stamme van Jakob se kinders - tot wie die Woord van JaHWeH gekom het om te sê: JisraEl sal jou naam wees -**

18:32 **en hy bou met die klippe 'n altaar in die Naam van JaHWeH**. Daarna het hy 'n sloot gemaak rondom die altaar, 'n ruimte vir omtrent twee mate saad,

18:33 en die hout gerangskik en die bul in stukke verdeel en bo-op die hout gelê.

18:34 Toe sê hy: Maak **vier kruike vol water** en giet dit op die brandoffer en op die hout. En hy sê: Doen dit vir die tweede maal. En hulle het dit vir die tweede maal gedoen. En hy sê: Doen dit vir die derde maal. En hulle het dit vir die derde maal gedoen, (**12 Kruike**)

18:35 sodat die water rondom die altaar geloop het; en ook die sloot het hy vol water gemaak.

18:36 En op die tyd dat hulle die spysbydrae bring, het die profeet EliJaHûW nader gekom en gesê: JaHWeH, Elohey van Abraham, Isak en JisraEl, laat dit vandag bekend word dat U Elohim in JisraEl is, en ek U kneg, en dat ek al hierdie dinge op U Woord gedoen het.

18:37 Antwoord my, JaHWeH, antwoord my, sodat hierdie volk kan erken dat U, JaHWeH, die Elohim is, en dat U hulle hart [tot U] laat terugkeer.

18:38 **Daarop het die vuur van JaHWeH neergeval en die brandoffer en die hout en die klippe en die stof verteer, ja, die water wat in die sloot was, opgelek**.

18:39 En toe die hele volk dit sien, het hulle op hul aangesig geval en gesê: **JaHWeH, Hy [is] die Elohim, JaHWeH, Hy [is] die Elohim!**

18:40 Maar EliJaHûW sê vir hulle: **Gryp die profete van die Here (Baäl)!** Laat niemand van hulle vryraak nie! En hulle het hul gegryp; en EliJaHûW het hulle afgebring **na die spruit Kison en hulle daar geslag.** [Psalm 149:7-9; Boekrol van Henog 98:12]

## Lesing 7 - 17 Junie 2020 - Die vernietegende Isebelgees in die Boerevolk

### Jehu (JyHûW) verslaan die Baälpriesters

2Ki 10:18 En JyHûW het die hele volk bymekaar laat kom en vir hulle gesê: **Agab het die Here (Baäl) 'n bietjie gedien; JyHûW sal hom baie dien**.

2Ki 10:19 Roep dan nou al die profete van die Here (Baäl), al sy dienaars en al sy priesters na my toe; niemand moet gemis word nie, **want ek het baie slagdiere vir die Here (Baäl)**. Elkeen wat gemis word, sal nie leef nie. **Maar JyHûW het dit met lis gedoen om die dienaars van die Here (Baäl) te kan vernietig.**

2Ki 10:20 Verder sê JyHûW: Roep 'n vergadering uit vir die Here (Baäl); en hulle het haar uitgeroep.

2Ki 10:21 JyHûW het ook deur die hele JisraEl gestuur; en **al die dienaars van die Here (Baäl) het gekom** - sodat daar niemand oor was wat nie gekom het nie - en in die huis van die Here (Baäl) ingegaan, sodat die huis van die Here (Baäl) vol was van end tot end.

2Ki 10:22 En hy sê aan die een wat oor die klerekamer was: Bring klere uit vir al die dienaars van die Here (Baäl). En hy het vir hulle klere uitgebring.

2Ki 10:23 Daarop gaan JyHûW saam met JeHôWnadab, die seun van Regab, in die huis van die Here (Baäl) in en sê aan die dienaars van die Here (Baäl): **Ondersoek en kyk of nie miskien van die dienaars van JaHWeH hier by julle is nie, net die dienaars van die Here (Baäl) alleen.**

2Ki 10:24 En hulle het ingegaan om slagdiere en brandoffers te berei; maar JyHûW het vir hom buitekant tagtig man opgestel en gesê: Hy wat een van die manne wat ek in julle hande lewer, laat vryraak, **sy siel sal in die plek van sy siel wees.**

2Ki 10:25 En toe hy gereed was met die aanbieding van die brandoffer, sê JyHûW aan die hardlopers en die adjudante: **Kom in, slaan hulle vrek, laat niemand uitkom nie! En hulle het hul met die skerpte van die swaard vrekgeslaan**, en die hardlopers en die adjudante het [hulle] uitgegooi en na die stadsdeel van die huis van die Here (Baäl) gegaan.

2Ki 10:26 En hulle het die **pilare** van die huis van die Here (Baäl) uitgebring en dit verbrand

2Ki 10:27 en die **kliptoring** van die Here (Baäl) afgebreek en **die Here (Baäl) se huis afgebreek <u>en daar toilet-huisies van gemaak, tot vandag toe.</u>**

### 30 Kenmerke van die Isebel-gees

Die Isebel-gees word in die Bybel beskryf in 'n verhaal oor 'n vrou, koningin Isebel, 'n dogter van 'n heidense koning wat met 'n koning van Israel, koning Agab, getrou het. Isebel word weer met hierdie naam in die Nuwe Testament as 'n gees genoem.

Die Bybel beskryf 'n baie grafiese en duidelike beeld van hierdie gees, hoewel die naam van Jesebel nie altyd genoem word nie, soos in Spreuke 5 en 7. Ook Jesaja 47: 5-12:

***Jesaja 47:5*** *Sit doodstil, en gaan in na die Duisternis,* ***dogter van die Chaldeërs****! want jy sal nie langer genoem word* ***gebiedster van die koninkryke*** *nie.*

*47:6 Ek was toornig op My volk, Ek het My Erfdeel (laat) besoedel en hulle in jou hand oorgegee: jy het hulle* ***geen Barmhartigheid*** *bewys nie, op die grysaard het jy jou juk baie swaar laat druk*

*47:7 en gesê: Ek sal in ewigheid wees,* ***gebiedster vir altyd****; jy het hierdie dinge nie ter harte geneem nie, aan die einde daarvan nie gedink nie.*

*Isa 47:8 Hoor dan nou dit:* ***wellustige wat so veilig sit****, wat in haar hart sê: Ek en niemand anders nie! Ek sal nie as weduwee sit of kinderloosheid ken nie.*

*47:9 Hierdie twee dinge sal dan in* ***'n oomblik, op een dag, oor jou kom:*** *kinderloosheid en weduweeskap; volkome sal hulle jou oorval, ondanks die veelheid van jou* ***dwelmhandel****, ondanks die groot menigte van jou* ***besweringe****. [Openbaring 22:15]*

*47:10 En jy het op besoedeling vertrou, jy het gesê: Niemand sien my nie! Jou wysheid en jou kennis het jou verlei, sodat jy in jou hart gesê het:* ***Ek is Sy, en niemand anders nie!***

*47:11 Daarom oorval die besoedeling jou; weet dat sy* ***van Shagar*** *kom; en rampe val op jou wat jy nie kan versoen nie, en* ***skielik oorval 'n verwoesting jou*** *sonder dat jy dit weet. [JeshaJaH 14:12]*

*47:12 Tree tog op met jou besweringe en met die* ***menigte van jou dwelms*** *waarmee jy jou vermoei het van jou jeug af; miskien kan jy iets uitrig, miskien kan jy skrik aanjaag! [Openbaring 18:23]*

## Lesing 8 - 18 Junie 2020 - Die vernietegende Isebelgees in die Boerevolk

### 30 Kenmerke van die Isebel-gees (vervolg)

Hierdie verleidelike gees is baie intelligent en geslepe om allerlei manipulerende taktieke te gebruik, veral vleiendheid.

Die Isebel-gees het die vermoë om teen en deur hoogs intelligente en geestelik kundige mense te werk en is maklik in staat om ingewikkelde langtermynstrategieë uit te voer. Sy het ook die vermoë om te maskereer en 'n oortuigende namaaksel van die Heilige Gees te bied.

Die Isebel-gees is baie boos en word gesê dat sy soos die "bruid van Satan" is. Sy werk dikwels nou saam met 'n demoniese netwerk om die teenwoordigheid en aktiwiteite daarvan te verberg, en dit kan dus moeilik wees om haar te identifiseer en van haar bevry te word.

Meesteres - of meester - van listigheid en vermomming, die Isebel-gees wil graag hê dat almal moet glo dat sy net manifesteer as 'n verleidelike en/of manipulerende vrou, maar dit is vêr daarvan. In teenstelling met wat baie mense glo, werk die Isebel-gees nie net of hoofsaaklik deur verleidelike vroue, of selfs beheersende en manipulerende manne nie, maar ook op baie meer subtiele, geheime en bedrieglike maniere.

Aangesien 'n gees geslagloos of tweeslagtig is, kan en neem dit maklik manlik, vroulik of enige van die verskillende vorme van transendente identiteit aan, **insluitend homoseksueel**. Die Isebel-gees funksioneer net so vaardig deur mans as deur vroue, en dit word weerspieël in die Skrif wat vertel dat Isebel 850 manlike volgelinge gehad het wat vir haar voorbidding gedoen het. Dit is Isebel-geeste van heksery en **godsdienstige geeste**, valse profesieë en valse leerstellings - agter die afgodery van valse leerstellings en kultusse.

Net soos die Bybelverhaal wat vertel dat Isebel 850 man gehad het, ontmande hofdienaars wat aan haar tafel geëet het, beteken dit dat hulle geestelik deur haar met voedsel van die duiwel gevoed is, wat valse leerstellings verteenwoordig, en nie die voedsel van die ware Woord van Elohim nie.

*1Ki 18:19 Stuur dan nou, laat die hele JisraEl by my bymekaarkom op die berg Karmel, ook die **vierhonderd-en-vyftig** profete van die Here (Baäl) en die **vierhonderd** profete van die Houtkruis **<u>wat aan die tafel van Isebel eet</u>**. [2 Ezra 7:39] (1 Konings 18:19)*

Sommige kenmerke van die Isebel-gees in sy uiterlike voorkoms is te vergelyk met narsisme of narsissistiese persoonlikheidsversteuring.

### Kenmerke van die Isebel Gees

***1. Weier om skuld of foute te erken***

'n Isebel-gees is nooit verkeerd nie, tensy dit 'n tydelike toelating van skuld is om 'guns' by iemand te kry. Om verantwoordelikheid te aanvaar vir iets wat verkeerd loop sou kwaai inbreuk maak op die kern van hoogmoed waaruit sy werk. As 'n Isebel om verskoning vra, is dit nooit 'n ware berou of erkenning van verkeerde dade nie, maar eerder: "Ek is jammer dat jou gevoelens seergekry het."

***2. Neem krediet vir alles***

Terwyl 'n sterk eienskap van Isebel is om nooit verantwoordelikheid te neem vir haar verkeerde optrede of gedrag nie, is sy ook vinnig om krediet te neem vir voordele waaraan sy geen aandeel gehad het nie.

***3. Gebruik mense om haar agenda te bereik***

Die Isebel-gees laat ander haar vuilwerk doen. Die Isebel kry die emosies van 'n ander persoon opgewek en laat hom dan woedend raak. Die Isebel sit dan agteroor en lyk onskuldig en sê: "Wie is ek? Wat het ek gedoen?" Hierdie gedrag maak dit moeilik vir selfs die ywerigste waarheidsoekers om haar vas te pen. Die Isebel-gees is slim met haar agenda.

***4. Weerhou inligting***

Dit is 'n vorm van beheer. 'n Isebel gee mag oor jou deur iets te weet wat jy nie in 'n situasie weet nie. In die oë van 'n Isebel is inligting wat jy nie besit nie, 'n kragtige wapen van beheer.

***5. Gesels deurmekaar en verward***


Dit is onmoontlik om logies met 'n Isebel te gesels. Een predikant het 'n brief van ses bladsye aan sy ouderlinge geskryf oor 'n situasie in die kerk. Die konteks was so vaag dat almal verward was . Dit is 'n manier om beheer en oorheersing te handhaaf. As jy 'n Isebel konfronteer, kan die onderwerp vyf keer in een minuut verander word. Verwarring hou hulle 'onontdek' en verborge.

***6. Bied haarself vrywillig aan vir enigiets***

'n Isebel bied haarself vrywillig aan om beheer te bewerkstellig. Sy het oënskynlik eindelose (senuweeagtige) energie en soek gretig na geleenthede om in beheer van projekte te wees. Alhoewel sy hard sal werk, is haar motief nooit suiwer nie, en uiteindelik kan haar geheime agenda nie meer weggesteek word nie.

***7. Leuens***

'n Isebel lieg oortuigend. Niemand kan beter lieg as wat sy kan nie. Sy kan die sjarme aanskakel en jou laat glo dat blou rooi is. Sy flous altyd diegene wat sy pas ontmoet het, terwyl diegene wat slagoffers word van haar taktiek, dan hulpeloos bystaan. Die feit dat Isebel jou in die oë kan kyk en lieg, wys net hoe sterk en vasberade hierdie opstandige en weerbarstige gees is.



## Lesing 9 - 20 Junie 2020 ( 30+1 Siwan) - Die vernietegende Isebelgees in die Boerevolk

### Mattheus 20

20 Toe kom die moeder van die seuns van Sebedéüs met haar seuns na Hom en buig voor Hom neer om iets van Hom te vra.
21 En Hy sê vir haar: Wat wil jy hê? Sy antwoord Hom: Sê dat hierdie twee seuns van my in U Koninkryk mag sit, **een aan U regter- en een aan U linkerhand**. [Wysheid van Sirah 7:4]
22 Maar JaHWèshua antwoord en sê: Julle weet nie wat julle vra nie. Kan julle die **Beker drink** wat Ek aanstons gaan drink, en **gewas/gedoop word** met die wassing/doop waarmee Ek gewas/gedoop word? Hulle sê vir Hom: **Ons kan**.
23 En Hy sê vir hulle: Dit is die Waarheid, **My Beker sal julle drink en met die wassing/doop waarmee Ek gewas/gedoop word, sal julle gewas/gedoop word**; maar om te sit aan My regter- en aan My linkerhand berus nie by My om te gee nie, **maar is vir hulle vir wie dit deur My VADER berei is.**
24 En toe die tien dit hoor, was hulle **verontwaardig** oor die twee broers.
25 Maar JaHWèshua het hulle na Hom geroep en gesê. Julle weet dat die **owerstes van die nasies** oor hulle heers en die **magtiges oor hulle gesag uitoefen**;
26 **maar só moet dit onder julle nie wees nie**; maar elkeen wat onder julle groot wil word, moet julle dienaar wees.
27 En elkeen wat onder julle die eerste wil word, **moet julle dienskneg wees;**
28 net soos die Seun van die Adam nie gekom het om gedien te word nie, **maar om te dien** en Sy Siel te gee as 'n losprys vir baie.

### 3 Johannes 1

9 EK het aan die gemeente geskrywe, maar Diótrefes1, **wat onder hulle die eerste wil wees**, steur hom nie aan ons nie. [1 betekenis: **gevoed deur Zeus**]
10 Daarom, as ek kom, sal ek hom herinner aan die werke wat hy doen deur met **besoedelde spraak** teen ons uit te vaar; en hiermee nie tevrede nie, ontvang hy nie alleen self die broers **nie gasvry nie**, maar **verhinder** ook die wat dit wil doen en **werp hulle uit die gemeente.**
11 Geliefde, moenie navolg wat **verdraaid** is nie, maar wat **suiwer** is. Hy wat suiwer optree, is uit Elohim; maar hy wat besoedel optree, **het Elohim nie gesien nie.**
*Mat 7:23 En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. **Gaan weg van My**, julle wat die Ongeregtigheid bedryf!*

### Openbaring 18

2 En hy het met 'n groot stem kragtig uitgeroep en gesê: Geval, geval het die groot Babel, en **sy** het geword 'n **woonplek van demone** en 'n versamelplek van allerhande **geeste van besoedeling** en 'n versamelplek van allerhande **besoedelde en haatlike vlieënde wesens**,
3 omdat al die nasies gedrink het van **die wyn van die grimmigheid van haar verbastering,** en die konings van die Aarde met haar **vermeng** het, en die handelaars van die Aarde ryk geword het deur die **mag van haar weelderigheid.**

***Prediker 10:2*** *Die hart van die wyse is na regs, maar die hart van 'n dwaas is na links. [Psalm 142:4]*

### Kenmerke van die Isebel Gees (vervolg)

***8. Ignoreer mense***

'n Klassieke probleem van 'n beheervraat **(“control freak”)** is om jou te ignoreer wanneer jy nie met haar (die gees) saamstem nie. Hierdie taktiek word gereeld deur leiers gebruik wanneer iemand nie met hul planne saamstem nie, en dan hulle isoleer die persoon deur hom/haar te ignoreer. Sommige mense in hierdie situasies sal vir maande lank geïgnoreer word, net omdat hulle gekies het om nie haar marionet te wees nie en vir elke idee of gril “ja” te sê nie. Dit plaas die persoon buite die genade van die leier en dwing hom/haar om óf om terug te keer na die leier se denkwyse óf om vir onbepaalde tyd geïgnoreer te word. 'n Mens is nie vry om te verskil met 'n Isebel-gees nie.

***9. Gee nooit krediet of is dankbaar nie***

'n Isebel sal **selde 'n erkenning gee** aan 'n ander persoon se optredes, selfs nie eers vir iets wat die Isebel uiters bevoordeel het nie. Sy kan haarself net nie kry om dankie te sê of om te erken dat iemand anders iets reg gedoen het nie. Daar is diegene wat uit hul pad gegaan het om 'n Isebel te seën deur die middelaar te wees om hom/haar op 'n reis te stuur of 'n geskenk te gee. Tog sal daar **nooit 'n dankie** wees nie. Dit plaas weer die beheerder (Isebel-gees) in 'n posisie van krag.

***10. Kritiseer almal***

Dit is 'n kenmerk van 'n beheervraat. Hy of sy moet die een wees wat altyd goed lyk, so sal sy baie vinnig skerp kritiek lewer op elkeen wat 'n voorstel of plan maak. Al hou sy van die plan, sal sy dit slegs kritiseer, omdat die idee nie uit haar ontstaan het nie. Deur ander te kritiseer **verhef die beheervraat haarself** in haar eie denke.

***11. Selfverheffing***

'n Persoon met 'n Isebel-gees sal altyd haarself teenoor 'n ander persoon **verhef**. Hy of sy **voel bedreig** deur enigiemand wat dit waag om die kollig te steel of deur iemand wat **haar mag en heerskappy**

bedreig. Wanneer jy by so iemand is en van jou eie prestasie of oorwinning vertel, kan jy verseker wees dat hy of sy vinnig sal vertel van iets beter of groter wat hy/sy vermag het.



**Die twee gesigte van 'n persoon met Isebelgees**

# Lesing 10 - 22 Junie 2020 - Die vernietegende Isebelgees in die Boerevolk

### Rigters 13-16 (Die val van Simson [Rigter en Hoëpriester] voor heidense hoergeeste)

**Rigters 13:24** En die vrou het 'n seun gebaar en hom **Simson (Lig vanaf die Son)** genoem; en die kind het groot geword, en **JaHWeH het hom geseën**.

14:1 TOE Simson afgegaan het na Timna, sien hy in Timna 'n vrou uit die **dogters van die Filistyne**;

14:2 en hy het opgegaan en dit aan sy vader en sy moeder vertel en gesê: Ek het 'n vrou uit die dogters van die Filistyne in Timna gesien; **neem haar dan nou as vrou vir my.**

14:3 Maar sy vader en sy moeder sê vir hom: Is daar onder die **dogters van jou broers en onder my hele volk** nie 'n vrou, dat jy heengaan om 'n vrou uit die Filistyne, die **onbesnedenes**, te neem nie? En Simson sê aan sy vader: **Neem haar vir my, want sy geval my**.

Rigters 16:1 EN Simson het na Gasa gegaan en daar 'n **hoer gesien en by haar ingegaan**.

4 Daarna het hy 'n vrou in die dal Sorek liefgekry, haar naam [was] **Delíla** (beteken ***heerlik, verleidelik***)

> *The name Delilah has many meanings, in Arabic the word Lilah means Night, so Delilah has been said to mean Queen of the Nigh*

5 Toe kom die vorste van die Filistyne na haar op en sê vir haar: Haal hom oor en **vind uit waardeur sy krag so groot is,** en waardeur ons hom kan oorweldig en hom kan bind om hom te bedwing; dan sal ons jou elkeen elfhonderd [sikkels] silwer gee.

10 Toe sê Delíla vir Simson: Kyk, jy het my bedrieg en vir my leuens vertel; vertel my nou tog **waarmee jy gebind kan word.**

11 En hy antwoord haar: As hulle my stewig vasbind met **nuwe toue** waarmee geen werk gedoen is nie, dan sal ek swak word en wees soos 'n ander adamiet.

12 Toe het Delíla nuwe toue geneem en hom daarmee gebind en vir hom gesê: Die Filistyne op jou, Simson! terwyl die spioene in die kamer klaarsit; maar hy het dit soos 'n draad van sy arms af verbreek.

13 En Delíla sê vir Simson: Tot nou toe het jy my bedrieg en vir my leuens vertel; vertel my waarmee jy gebind kan word. En hy antwoord haar: As jy die **sewe haarvlegsels van my hoof met die weefsel saam invleg**.

14 Sy druk dié toe vas met die pen en sê vir hom: Die Filistyne op jou, Simson! En hy het wakker geword uit sy slaap en die weefpen met die weefsel uitgeruk.

15 Toe sê sy vir hom: Hoe kan jy sê: Ek het jou lief! terwyl jou hart nie met my is nie? **Drie maal het jy my nou al bedrieg** en my nie meegedeel waardeur jou krag so groot is nie.

16 En omdat sy hom met haar woorde aldae gepers en by hom aangedring het, het sy siel so omgekrap geword, dat hy kon sterf.

17 En hy het sy **hele hart aan haar bekend gemaak** en aan haar gesê: Daar het nooit 'n skeermes oor my hoof gekom nie, want **ek is 'n Separatis van Elohim van my moeder se skoot af:** as ek geskeer sou word, sou my krag van my wyk en ek swak word en wees soos al die adamiete.

***Exodus_29:6*** *En plaas die* ***tulband*** *op sy hoof, en bevestig die* ***separatisme van die Apartheid aan die tulband****.*

*Exo_39:30 Hulle het ook die plaat van die separatisme van die Apartheid van suiwer goud gemaak en daarop geskrywe met letters soos dit op 'n seëlsteen uitgesny word:* ***APARTHEID AAN JAHWEH****.*

*Zec 9:16 En JaHWeH hulle Elohey sal hulle in dié dag verlos as die* ***kudde wat Sy volk is****; want [hulle]* ***verhef die Bousteen van Separatisme soos 'n banier oor Sy Adamah*** *[die adamiet se Aarde]. [JeshaJaH 11:12; 18:3; JirmeJaH 4:5]*

18 Toe Delíla sien dat hy **sy hele hart aan haar bekend gemaak het,** laat sy die vorste van die Filistyne roep en sê: Kom hierdie keer op, want hy het sy hele hart aan my bekend gemaak. Toe kom die vorste van die Filistyne na haar op en bring die silwer met hulle saam.

19 En sy het hom op haar skoot aan die slaap gemaak en 'n man geroep en die **sewe haarvlegsels van sy hoof afgeskeer**. En sy het begin om hom te bedwing, en **sy krag het van hom gewyk**.

20 Toe sê sy: Die Filistyne op jou, Simson! En toe hy uit sy slaap wakker word, sê hy: Ek sal vry uitgaan soos die vorige kere en my losruk. Want hy het **nie geweet dat JaHWeH van hom gewyk het nie.**

21 Daarop het die Filistyne hom gegryp en **sy oë uitgesteek** en hom afgebring na Gasa en met **koperkettings gebind,** en hy moes maal in die gevangenis.

# Lesing 11 - 23 Junie 2020 - Die vernietegende Isebelgees in die Boerevolk

## Groot Johannes Evangelie Boek 6

***Die misnoeë van die Meester oor die hoogmoedige, kritiese vroue***

**Hoofstuk 105** Ek (JaHshua) sê: 'Beste vroue, julle het werklik **baie verstand**! Hier op hierdie plek sal Ek nie praat nie, maar in die huis van Jored, waarheen julle kan gaan as julle wil. Maar Ek sê vir julle al by voorbaat dat dit baie moeilik sal wees vóór julle aan julleself sal erken dat slegs jou vlees sterflik is, maar nie die siel nie. Dit het gebeur deurdat julle julleself **reeds vanaf julle jeug gefokus het op die materie van die vlees** en daarna niks meer kon sien, voel, waarneem en ondervind nie, as maar net dit wat die mees growwe materie julle voor julle liggaamlike oë plaas. - Maar nou niks meer daaroor nie!'

[2] Toe bedank die vroue, hulle kinders en bediendes My nogeens vir wat Ek hier vir hulle gedoen het en begewe hulle daarna na hulle **baie deftige huise**.

[3] Jored vra My egter of hy hulle dalk vir die **middagete** moes uitnooi.

[4] Ek sê: **'Bepaald nie, want daar is niks waarvan Ek minder hou as van die geselskap van sulke super-intelligente vroue as juis by `n maaltyd nie**, want as hulle tong eenmaal loskom, vergeet hulle om te eet en te drink, en iemand soos ons sou sekerlik nie aan die woord kom sonder om hulle tonge eers vir `n oomblik te laat verlam nie. **Hierdie vyf vroue sou werklik meer as voldoende in staat wees om iemand letterlik dood te praat.**

[5] Ten eerste is dit dogters van `n baie geleerde Griekse opperpriester van die god Apollo en die god Mercurius, wat wil praat volgens hulle heidense begrippe.

[6] Ten tweede het hulle `n mentor gehad wat baie goed **tuis was in alle wetenskappe** en wat hulle die koppe eers goed op hol gekry het, want hy wou al hulle **ou wysgere** heeltemal deur en deur leer ken en verstaan, maar het nie daarby gedink dat al hierdie ou filosowe van die bekende volke en nasies mekaar in `n hoë mate teenspreek nie, en dat jy, as jy al hierdie wysgere ken en aanhang, **nooit tot `n harmoniese lewensisteem sal kan kom nie**, en dat so `n mens maar net `n tipe van **hoogmoedige veelweter** kan word wat uiteindelik geen ander behoefte in hom voel as om nou en dan te laat sien hoe baie hy in alle kennis en ervaring bo elke ander mens staan nie. **En dit is ook by hierdie vroue, en alreeds by hulle kinders en bediendes die geval.** Praat maar eers met so `n bediende, dan sal jy wel sien hoe vaardig hy met sy tong is!

[7] Ten derde en uiteindelik is hulle **vroue van priesters en in `n sekere sin self priesteresse**, en moet daarom ex officio* so verstandig en wys wees, dat beroepshalwe **geen enkele ander mens hulle op een of ander wyse kan benader nie**, - daarom gaan ook hulle kinders en bediendes hulle dan as ligtende aankondigers, **as uithangborde van hulle wysheid**, voor, sodat die mense uiteindelik so oor hulle moet voel dat hulle sal sê: 'Ja, as hulle al so wys is, hoe wys sal dan wel die priesters en priesteresse self wees! * (beroepshalwe)

## Kenmerke van die Isebel Gees (vervolg)

***12. Lê beslag op inligting***

'n Isebel hou daarvan om beheer **uit te oefen oor inligting.** Indien daar ooit 'n situasie ontstaan waar inligting belangrik is, sal sy daarop aandring om die "**eerste" te wees** om daarvan te geweet het. **Dit lyk asof sy alles van almal weet**. Waar sy al haar inligting kry, is onbegryplik, maar sy kan data en besonderhede oor mense se lewens en optredes in groot hoeveel-hede aan jou opdis.

***13. Gebruik inligting (skinder)***

'n Isebel gebruik **inligting as 'n hefboom** vir mag en deel dan snoeperye met jou, dikwels deur te vertel dat dinge hoogs vertroulik is. Dit gee haar 'n gevoel van mag, selfs tot die punt om mense te probeer beïndruk deur **'dinge te weet' (esoteriese kennis) wat ander nie weet nie.**

***14. Praat onophoudelik***

Baie mense praat aanmekaar, maar 'n Isebel gebruik praat as 'n **vorm van beheer**. In 'n tipiese gesprek voer sy al die praatjies aan, of dit nou oor sport, die weer of die Koninkryk van Elohim gaan. As gevolg van hierdie vorm van beheer, **kan sy nie insette van iemand in haar lewe ontvang nie**. Alle gesprekke met haar is eensydig. **Jy luister net**.

***15. Vergeestelik 'n situasie wat haar pas***

As 'n beheervraat gekonfronteer word, vergeestelik sy die situasie meestal en **verklaar dat dit van Elohim self afkom.** "***Die Vader sê sus of so***". Dit verhoed dat sy die verantwoordelikheid neem wat van haar verlang word. Die implikasie is altyd: **'Jy het 'n probleem; Ek het nie'.**

***16. Is tugteloos en onversoend***

'n Isebel neem nooit die kant van die werkgewer of 'n persoon in gesag nie, tensy dit 'n tydelike aksie is om haar goed te laat lyk. Hy of sy sal dikwels krediet neem vir iemand anders se idee. Haar belangrikste begeerte is om **mag en beheer** uit te oefen. Sy is **gewetenloos** wanneer 'n geleentheid tot erkenning homself voordoen.

# Lesing 12 - 24 Junie 2020 - Die vernietegende Isebelgees in die Boerevolk

**Groot Johannes Evangelieboek 1 Hoofstuk 166**

[7] Ek (JaHshua) sê: "Heeltemal korrek! So is dit, en so sou die Skrif ook in die ware sin gelees en begryp moet word, dan sou daar met alle mense goed gespreek en uit die hemele vir hulle verlossing iets gedoen kon word. Maar die mense, en wel **eerstens die vroue**, is, deur hulle vrye wil vir die tweede maal te misbruik, in **totale wellustigheid versonke**. Sy begin dan om haar oorspronklike, **van Satana* oorgeërfde mooi liggaam**, soveel moontlik op te poets en as sy ongenaakbaar, trots en onwillig geword het deur haar selfsug, **dwing sy daarmee die sagter soort man** om in haar val in te loop en hy moet, om van die vrou die jawoord te kry, heel bereidwillig en heeltemal onderdanig, **na haar heerssugtige pype begin dans**, en uiteindelik vind hy dit selfs besonder aangenaam om **totaal verstrik** te raak in die egte satanslis van die vrou. (*Sotona in die Boekrol 'Henog')

[8] Maar daardeur val hy dan ook uit alle moontlike ontkiemende **hemele in homself** en hy word daardeur somber, wellustig, selfsugtig, ydel en heerssugtig en **word so saam met die vrou suiwer duiwels**!

[9] Die man word wel so nou en dan versigtig deur sy gees gemaan, deur die opwekking van liefde vir die lewe, om die Skrif te lees en aandag te gee aan Elohim se groot werke! Dit doen baie ook nadat hulle hulleself eerstens min of meer uit die nette van die vrouens bevry het. Maar dit help bepaald nie veel nie, **want hulle begryp die Skrif nie meer nie** en omdat hulleself **materieel vroulik geword het**, neem hulle sonder meer die materiële **betekenis van die letter vir waar aan** en maak so die **woord van Elohim tot `n gruwel en die tempel van Elohim tot `n ware moordkuil**!

[10] Ek sê aan jou en aan julle almal: so ver as wat dit nou gekom het, sou alle mense totaal verlore gewees het as Ek, die Meester Self, nie in die wêreld ingekom het om julle te verlos van die juk van die satan en die ewige verderf nie; en **Ek Self sal die uiterste moet doen** om aanvanklik slegs die kleinste deel van die mense op te hef in die ware hemelse Lig."

## Lesing 13 - 25 Junie 2020 - Die vernietegende Isebelgees in die Boerevolk

### Groot Johannes Evangelieboek 1 Hoofstuk 167

***Kies jou vrou met sorg***

167 (Die Meester JaHshua: ) "Dit sal vir die wêreld sleg daaruit sien, wanneer die vroue weer begin om hulle op te maak en op te smuk **en op trone te sit**; want dan sal die **aarde** deur **vuur** besoek word!

[2] Hou daarom die vroue goed in bedwang; laat hulle hulleself veral oefen in **ware nederigheid**! Hulle moet **rein/skoon**, maar nooit opgemaak en versier wees nie; want die opmaak en versiering van die vroue is die **graf van die mens en veroorsaak orals ondergang**!

*Henog 8 EN **Azazel** het die adamiet geleer hoe om swaarde te maak en messe en skilde en borsplate. Hy het hulle die dinge daarna getoon, en die kuns om dit te maak: **armbande en ornamente, die kuns om die oë op te maak en die ooglede te versier, die mees kosbare en uitgesoekte gesteentes, en alle soorte kleurtinte**.*

[3] Soos wat `n rein, ingetoë, nederige vrou `n egte seën vir `n huis is, so is `n opgesmukte en daardeur trotse vrou `n **vloek vir die hele aarde**, en sy is op die wyse `n **duiwel in sy kleinste gedaante** onder die mense en is volledig soos `n slang, wat deur haar geil blik die voëls van die hemele in haar giftige en dodelike keel in lok!

[4] Daarom gee Ek die raad, sonder dat hierdie raad `n gebod moet wees:

[5] As iemand `n vrou kies en wil trou, laat hy dan daarop let dat die meisie wat hy trou, haar nie wil oppoets nie - **behalwe met water**, wat noodsaaklik is vir die gesondheid van die liggaam - en nie met uitdagende houding oor die straat te gaan nie wat nie pas by `n vrou nie en ook nie pronk met haar ander aantreklikhede nie, maar **in alles ingetoë is**, haar **liggaam goed bedek** hou met linnegewade en in die winters met ongeverfde doeke van skaapwol. Hulle moet ook **geen kletskouse wees nie en spog dat sy iets het nie**; want dit is heel heilsaam vir die vrou as sy niks meer het as dit wat hoogs noodsaaklik is nie. **So `n meisie is dan ook `n man werd, en haar hand moet jy vra.** Maar `n ryk, ydele, versierde vrou, wat in sagte en bontgeverfde klere rondloop, uitdagend oor die straat gaan, wat hulle graag deur die rykes en die aansienlikes laat groet en aan die armes sê: " ***Kyk daar na die stinkende bedelvolk!***" - daarvan sê Ek vir julle, - **vermy so `n meisie soos stinkende aas**!

[6] Want so `n meisie is `n getroue kopie van die verlokkende **hel in die kleinste skottel** en wie so iemand om die huwelik vra, begaan `n growwe sonde teen die goddelike ordening. Hy kan daarop reken dat so `n vrou haarself op aarde bykans nooit sal verbeter nie. As sy vroeër sal sterf as haar man, en hy haar volg na die ander lewe, ook al was hy self deugsaam, maar het, vanweë haar aardse eienskappe, baie van sy vrou gehou, **sal hy sekerlik vir `n behoorlike lang tyd na die hel toe trek.**

[7] Want net soos wat so `n vrou op hierdie aarde bedrieglike middele gebruik om die man te vang wat sy begeer, **sal sy in die hiernamaals, maar dan duisendmaal verleideliker**, haar man, wanneer hy kom, met alle aantreklikheid wat maar te bedink is, tegemoet kom **en hom in haar helse nes intrek**. En sodoende sal die man dit baie moeilik vind om uit die nette van sy vrou te kom.

[8] Let daar dus goed op en diegene wat wil trou kan maar liewer sy vrou eers goed leer ken en alles nagaan, **sodat hy nie in plaas van `n engel `n duiwel aan hom verbind nie**, wat hy dan nie meer maklik van sal loskom nie!

### Jesaja 3

11 Wee die besoedelde! Met hom gaan dit besoedeld; **want wat sy hande gewerk het, sal hom aangedoen word.**

12 **Die drywers van My volk is kinders, en vroue heers oor hulle.** O My volk, **jou leiers is verleiers**, en die **Weg** wat jou pad moes wees, het hulle tot 'n **dwaalweg** gemaak.

13 JaHWeH staan daar om 'n **regstryd** te voer: HY tree op om die volke te vonnis.

14 JaHWeH gaan na die Reg met die **oudstes en die vorste** van Sy volk. Ja, júlle het die **Wingerd** afgewei; wat aan die arm man ontroof is, is in julle huise.

15 Wat is dit met julle dat julle My volk **vertrap** en die **ellendiges mishandel**? spreek my Meester JaHWeH van die skeppings-leërmagte.

16 Verder het JaHWeH gesê: Omdat die **dogters van Sion trots is en loop met uitgerekte nek en met die oë lok**, wegstap met trippelgang en hulle voetringe laat rinkel,

17 daarom sal My Meester die **kroontjie van die dogters van Sion glad maak, en JaHWeH sal hulle skaamdele ontbloot.**

18 In dié dag sal My Meester wegneem die sieraad van die voetringe en die sonnetjies en die maantjies;

19 die oorversiersels en die armbande en die sluiers;

20 die hoofversiersels en die voetkettinkies en die hoofbande en die reukflessies en die towermiddels;

21 die ringe en die neusringe;

22 die feesklere en die manteltjies en die tjalies en die handsakkies;

23 die handspieëltjies en die hemde en die tulbande en die wye mantels.

24 Dan sal daar in plaas van balsemgeur **mufheid** wees, en in plaas van 'n gordel 'n **tou**, en in plaas van gevlegte hare **kaalheid**, en in plaas van 'n pronkgewaad 'n **roukleed**, **brandmerk in plaas van skoonheid.**

25 U manne, sal deur die **swaard** val en U dapperes in die **oorlog**.

26 **En haar Poorte sal klaag en treur, en sy sal uitgeskud op die Aarde sit**.

## Lesing 14 - 26 Junie 2020 - Die vernietegende Isebelgees in die Boerevolk

### Groot Johannes Evangelieboek 1 Hoofstuk 167

**Vervolg [9]** Die kenmerke het Ek julle nou voldoende laat sien; let daar op, dan sal julle hier en in die hiernamaals geluk hê! Dit moet julle nie sien as `n gebod waaraan julle gebonde is nie, maar slegs, soos reeds vroeër gesê, as goeie raad vir mense wat hulle daaraan wil hou. Vir julle en veral vir **al die ydele vroue** kan dit heel nuttig wees.

[10] Want diegene onder julle wat `n ydele en listige, verleidende vrou so tereg wys **dat sy haar slegte dwaasheid sal kan insien**, sal eenmaal daarvoor in die hemele `n **groot beloning** ontvang.

[11] Wend daarom jou oë af van `n verleidelike vrou, **want so `n vrou is heimlik sonder om te weet verbonde aan die satan** en sy dien hom onbewustelik met sy verleidingswerk.

[12] As julle die satan in sy ergste vorm wil sien, dan hoef julle maar slegs `n **opgemaakte slet of `n opgesmukte vrou** te bekyk, en dan het hy die satan gesien in sy **gevaarlikste vorm** vir die mens!

[13] As die satan as draak kom en hy spu oorlog, honger en allerlei besmetlike siektes oor die aarde, dan is hy die **minste gevaarlik** vir die mense, want in sulke nood wend die mense hulle tot Elohim, gaan doen boete en **vermy so die hel** met sy oordeel.

[14] Maar as die satan sy draakkleed met die ligtende gewaad van `n engel aanhet, dan is hy vir die mens, wat **van nature tot wellus geneig is**, die gevaarlikste, net soos wanneer `n **verskeurende wolf in skaapsvel** tussen die skape kom! Maar kom die wolf as `n wolf na die skape, dan vlug hulle in alle rigtings en verwar die bringer van die dood, sodat hy bly staan en daaroor nadink watter skaap hy sal agtervolg, waardeur hy ten slotte sonder buit moet teruggaan; kom hy egter in skaapswol, dan vlug die skape nie, maar verheug hulle selfs oor die nuwe skaap wat by hulle aangekom het; dit is so `n wolf wat die hele kudde verskeur sonder dat daar ook maar één skaap voor hom op die vlug slaan.

[15] Kyk, hierdie leer en hierdie raad moet julle as iets heilig in julle harte bewaar en julle moet dit so streng volg asof Ek dit as `n gebod gegee het, dan sal julle **huwelike bekleed wees met die seën uit die hemele**; maar in die ander geval - **met die vloek uit die hel!**

### Kenmerke van die Isebel Gees (vervolg)

***17. Is opdringerig en oorheersend (dominerend)***

'n Persoon met 'n Isebel-gees oefen druk op jou uit om allerhande dinge te doen, en ontneem jou van jou reg om vir **jouself te kies of jou eie besluit te neem**. Hy of sy laat ander mense voel en dink dat hulle nie genoeg verstand het om vir hulleself te dink nie.

***18. Is heldersiende vanuit die vierde dimensie (hel)***

Baie beheervrate wat met 'n beheergees opereer, het ook 'n heldersiende gees direk vanuit die hel. 'n Isebel verkry **bonatuurlike hulp** om inligting op te spoor en te wete te kom. Wanneer sy dit teen jou gebruik, sal sy sê: "***Ek kan jou nie vertel hoe ek dit te wete gekom het nie. Ek weet dit net***." Dit is dan nooit die Heilige Gees nie, maar gebeur met behulp van 'n heldersiende gees **vanuit die vierde dimensie**. Heldersiendheid kan gedefinieer word as die mag om dinge waar te neem wat buite die omvang van die menslike sintuie is.



# Lesing 15 - 27 Junie 2020 - Die vernietegende Isebelgees in die Boerevolk

## Mattheus 14

14:1 EN in daardie tyd het Herodes, die viervors, die gerug van JaHWèshua gehoor

2 en aan sy knegte gesê: Hierdie man is JeHôWganan die Wasser. Hy het uit die dode opgestaan, en daarom werk dié kragte in hom.

3 Want Herodes het JeHôWganan gevang, hom geboei en in die gevangenis gesit vanweë Heródias, **die vrou van Filippus, sy broer.**

4 Want JeHôWganan het vir hom gesê: **Dit is u nie geoorloof om haar te hê nie.**

5 En hoewel hy hom wou doodmaak, het hy die skare gevrees, omdat hulle hom vir 'n Profeet gehou het.

6 Maar by die **viering van die verjaarsdag** van Herodes het die **dogter van Heródias** voor hulle gedans en Herodes behaag.

7 Daarom het hy met 'n **eed beloof** om haar enigiets te gee wat sy sou vra.

8 Toe sê sy, nadat sy deur haar moeder aangehits was: **Gee my hier op 'n skottel die hoof van JeHôWganan die Wasser.**

9 En die koning het treurig geword, maar ter wille van die eed en die feesgenote het hy beveel dat dit gegee moes word.

10 **En hy het gestuur en JeHôWganan in die gevangenis onthoof**.

11 Sy hoof is toe op 'n skottel gebring en aan die meisie gegee, **en sy het dit na haar moeder gebring**.

12 En sy studente het gekom en sy liggaam weggeneem en hom begrawe; en hulle het gegaan en dit aan JaHWèshua vertel.

***Groot Johannes Evangelie, Boek 4***

**Boek 3:46:[10]** Hoe lank gelede is dit nou dat die mense die beroemde profeet Johannes, wat `n tyd lank aan die Jordaan gedoop en sy boete-preke gehou het, so vinnig na sy einde gehelp het, terwyl hy selfs onder beskerming van Herodes gestaan het! **Die tempel het ongemerk die slegte moeder van die skone Herodias opgestook** en Herodes word daarop self die moordenaar van sy beroemde beskermling. Die tempel beskik oor ontelbare middele om `n gevaarlike geagte mens te vervolg en dit is maar selde dat dit geen sukses is nie.

## Groot Johannes Evangelie, Boek 4

***Zinka se verdediging en sy verslag van die dood van Johannes die Doper***

**<u>Hoofstuk 10 [2] (Zinka)</u>** Dink u dalk dat ons nie weet van die totale onskuld van die nou kort gelede onthoofde Johannes nie? O, daarvan was ons oortuig en ons het gehou van sy wyse woorde en sy toegewyde diens aan Elohim. Hy het ons nog die mooiste lesse in die kerker gegee, het ons aangespoor om baie geduld en uithouvermoë aan die dag te lê en het ons gewaarsku van die sonde teen Elohim en teen die naaste. Hy het ons ook vertel dat daar nou in Galiléa `n Profeet van die profete en `n ware Priester van die priesters opgestaan het, wie se skoenrieme hy nie waardig was om los te maak nie! Hy verkondig toe aan ons dat hierdie Een ons sal verlos van alle boosheid en aan ons die weg van die Lig, van die Waarheid en die Ewige Lewe sou wys. Kortom, hy het ons bewakers `n les gegee asof ons sy leerlinge en sy beste vriende was.

[4] Ongelukkig genoeg het Herodes in die tyd sy verjaardag met baie glans gevier. **Herodias**, wat deeglik op hoogte was van die swakhede van Herodes, **tooi haar op hierdie dag baie spesiaal op**, en verhoog daarmee haar bekoorlikheid tot ongekende hoogtes. So uitgedos kom sy **met haar draak van `n moeder** om hom geluk te wens, en omdat daar in sy paleis harp-, fluit- en vioolspelers was, **dans Herodias** toe vir die belustig wordende Herodes. **Dit beval die geil bok so goed dat die dwaas `n dure eed sweer om haar alles te gee wat sy hom sou vra!** Toe was dit so goed as gedaan met ons goeie Johannes, omdat hy die **vervloekte hebsug van die ou vrou te veel in die weg gestaan het**. Sy gee die jong vrou die wenk om die hoof van Johannes op `n silwer skottel te vra, wat dit toe - alhoewel met heimlike afsku- doen.

[5] .... Ek moes self met `n beulskneg na die gevangenis om die goeie Johannes die afskuwelike wil van die magtige heerser mee te deel, en ek moes hom bind, **en hom daarna op die vervloekte blok met die skerp byl die eerbiedwaardige hoof van die romp laat afslaan.** Ek het daar soos `n kind gehuil oor die groot boosheid van beide die vroue en oor die treurige lot van my vriend, wat ek so leer waardeer het! Maar watter nut het dit alles gehad teenoor die duistere, verblinde en starre wil van één enkele, magtige tiran?!

***Die vriendelike antwoord van Cyrenius aan Zinka***

**Hfs. 11** [3] (<u>JaHshua</u>) Hierdie man het My nou `n goeie diens bewys omdat hy as oog- en oorgetuige My leerlinge nougeset beskrywe het hoe My voorloper Johannes, wat in die omgewing van die Jordaan gepreek en gedoop het, deur Herodes gevange geneem en om die lewe gebring is. Nie vir My nie, maar vir My leerlinge moet hy nog vertel **waarom Herodes Johannes dan eintlik laat vang en in die gevangenis gewerp het.** Stel jy hierdie vraag aan hom!"

***Die gevangeneming van Johannes die Doper***

**Hfs. 12** [3] **Zinka** sê: .... "Ons ongelukkige vriend Johannes het werklik **een ware Elohim** vir die volk geleer, en sy leer was noodsaaklik en het aan elke mens, wat nie aan die tempel behoort het en geen Fariseër was nie, baie goed aangedoen. **Maar vir die tempel was sy leer oor die ware Elohim `n te groot**

**verskrikking**. As verstandige man sal u nou so saggiesaan wel begin te snap uit watter hoek die stormwind begin waai het.

[4] Die here van die tempel sou die arme Johannes lankal met plesier van kant gemaak het as hulle nie vir die volk so bang was nie, wat nou grotendeels tog wel op hoogte was met die **skandelike leuens en die duistere bedrieëry**. Daarom het hulle `n plan bedink om Herodes wys te maak dat Johannes heimlik met allerlei verkeerde en baie listige verborge voorspellinge **die volk wou aanhits tot `n verskriklike muitery teen die onderdrukker Herodes**.

[5] Ten slotte bring dit Herodes daartoe om saam met ons na Johannes te reis in die baie woeste omgewing aan die Jordaan, om homself daarvan te oortuig of Johannes se aktiwiteite werklik so gevaarlik was! Maar by Johannes aangekom, vind hy selfs met die mees kritiese ondersoek nie die geringste spoor van al die dinge wat die tempel aan hom gestel het nie. Daarom word hy uiteindelik self baie woedend en boos oor die onuitspreeklike verdorwenheid van die tempel en sy bewoners.

[6] Toe mense vanuit die tempel daarna by hom begin aandring om Johannes onskadelik te maak, sê hy dreigend, in my teenwoordigheid, vir hulle dat hy nooit teen sy oortuiging in op advies en terwille van **ellendige, vraatsugtige honde** `n mens sou teregstel nie!

[7] Na hierdie kragdadige antwoord trek **die swarte ridders hulle terug en swyg**. Maar desnieteenstaande volhard hulle in hulle bose beraadslaging. Terwyl hulle hulleself uiterlike goed gedra het en gedoen het asof Johannes hulle nie meer in die minste geïnteresseer het nie, het **hulle heimlik sluipmoordenaars in diens geneem**, wat die man van Elohim se lewenslig moes uitblaas.

[8] Toe Herodes dit gehoor het, kry hy medelye met die eerlike, onskuldige siener. Hy roep ons bymekaar en vertel wat hy gehoor het en sê ten slotte: 'Luister, hierdie man moet ek red! Gaan daar vir die skyn met wapens en toue na hom toe, bind hom lossies, vertel hom my geheime plan en dan sal hy julle volg! Ek sal hom hier in `n goeie gevangenis baie veilig laat oppas, terwyl hy vrylik met al sy leerlinge kan omgaan!'

[9] So gebeur dit dan ook en Johannes was daarmee, so goed en so kwaad as wat dit gaan, tevrede. Maar die **swart addergeslag uit die tempel** vind maar al te gou uit dat Herodes Johannes slegs vir die skyn in die mansgevangenis laat inbring het, en hom egter alle vryheid gegee het om met sy leerlinge om te gaan. Toe begin hulle weer te beraadslaag hoe hulle Herodes ten slotte sovêr kon kry dat hy self die hand aan Johannes sou slaan.

[10] Toe swyg Zinka, maar Cyrenius versoek hom om die geskiedenis verder te vertel. En Zinka gaan aldus verder: "**Die swarte knegte van die tempel** kom baie gou agter dat Herodes, wat **half Judeër en nog steeds half heiden** was, die jong Herodias begeer het, maar as Judeër, weens die pleeg van egbreuk, nie heeltemal kon aandring om `n nouer verbintenis met haar aan te gaan nie. Vir homself sou dit sy gewete egter geen grys hare besorg het nie, maar terwille van die groot mond van die tempel moes ten minste die uiterlike skyn bewaar.

[11] Dit alles het die swart ridders geweet, en hulle stuur `n sluwe mooiprater na Herodes toe met die voorstel dat Herodes, vanweë die bekende onvrugbaarheid van sy vrou, haar sondermeer vir homself teen `n **klein offer aan Elohim** mag aanskaf en volkome verseker daarvan kon wees dat die tempel geen beswaar daarteen sou maak nie.

[12] Herodes laat hom dit natuurlik geen tweemaal sê nie, gee die gewer van hierdie berig etlike ponde goud en die saak was beklink. Hy stuur dadelik `n bode na Herodias, wat natuurlik weinig besware gehad het om die verlange van die viervors Herodes tegemoet te kom, veral omdat sy ook nog deur haar moeder daartoe oorgehaal en aangepor word; **want die ou Herodias is `n vrou wat vir die duiwel geskape was**. Daar is niks goeds in haar nie, - en daarom was sy des te meer **aartsgemeen**. Die ou vrou bring die eerste keer self haar **dogter, oordadig getooi**, na Herodes toe en hy neem haar aan in sy barmhartigheid. Herodes liefkoos Herodias weliswaar baie teer, **maar sondig nog nie met haar nie.** Hy het haar ryklik oorlaai met geskenke en hy mag vry by haar in en uit geloop het.

[13] Toe sy weer van Herodes af tuis gekom het by haar moeder, vra sy haar wat Herodes alles met haar bespreek en gedoen het. Die dogter vertel die waarheid, prys die weliswaar baie vriendelike, maar tog baie nugtere mentaliteit van Herodes en hoe hy haar ryklik oorlaai het en haar deurlopende, vrye toegang tot hom verleen het. Hy het egter as voorwaarde gestel dat sy hom volkome getrou moes bly.

[14] Maar die ou heks dink daarby beslis wat ek, wat Herodias na haar huis toe moes begelei, duidelik in haar oë kon lees: 'Kyk, daar steek iets daaragter! As Herodes hom nie die eerste keer deur die groot bekoring van my dogter laat vang het nie, dan sal dit die tweede maal ook nie gebeur nie!' Omdat die ou heks dan egter die **reg sou verloor om ten aansien van die eer skadevergoeding van Herodes te eis**, gee sy die dogter `n goeie les hoe sy dit `n volgende keer moes aanlê om Herodes **tot geslagsgemeenskap oor te haal.**

[15] Weldra verlaat Ek uit ergernis die huis van die heks, en kom terug by Herodes en vertel hom alles wat ek gehoor het. U kan u wel voorstel dat Herodes bepaald nie daarmee gediend was nie. In verband daarmee gaan hy na Johannes toe en lê die hele saak aan hom voor.

# Lesing 16 - 28 Junie 2020 - Die vernietegende Isebelgees in die Boerevolk

## Groot Johannes Evangelie, Boek 4

***Die moordaanslag op Johannes die doper***

**Hfs 13** (Zinka:) "Maar Johannes sê vir hom: 'Bly weg van Herodias en haar moeder af, **want die oue is `n slang en die jonge `n adder!** Bowendien ken jy die wil van die almagtige Elohim van Abraham, Isak en Jakob en jy ken Sy orde, waarin Hy vanaf die eerste begin van alle skepsele slegs één vrou aan `n man gegee het. Vrugbaarheid of die onvrugbaarheid van `n vrou wat eenmaal met `n man in die huwelik verbind is, verskaf geen rede vir jou vir die neem van `n bywyf nie, want as jy geduldig wag, is dit tog baie eenvoudig vir Elohim om in die skoot van jou vrou, wat nog op hoë leeftyd is, `n lewende vrug vir jou te verwek! Lees die geskiedenis van die aartsvaders, dan sal jy vind dat hulle geduld en hulle oorgawe hulle op hoë leeftyd nog die rykste seën gebring het!

[2] **Laat Herodias dus met rus** en moet geen skeibrief by die tempel gaan haal nie, want Elohim het nooit `n skeibrief ingestel nie! Dit het Moses op eie inisiatief as mens gedoen vanweë die veelvuldige hardheid van die menseharte. Daarmee het hy egter nie baie goed verrig nie en in die oë van JaHWeH Elohim was dit geen goeie voorskrif nie, daarvan kan jy seker wees!

***Mattheus 19:7*** *Hulle sê vir Hom: Waarom het **Moshè dan beveel om 'n skeibrief te gee** en van haar te skei?*

*19:8 Hy (JaHshua) antwoord hulle: Omdat Moshè weens die **hardheid van jul harte** julle toegelaat het om van julle vroue te skei; maar van die begin af **was dit nie so nie**.*

**Hou jy daarom slegs aan jou vrou vas en laat Herodias nie naby jou kom nie!** Gee Zinka (vir my dus) die volmag, en hy sal dit goed weet om alles in orde te bring dat die adder nie meer by jou in die huis sal kom nie! As jy hierdie raad sal opvolg, sal jy Elohim se vriendskap behou, maar indien nie, dan sal jy ten gronde gerig word en `n vyand word van JaHWeH!'

[3] Herodes neem dit ter harte en besluit om af te sien van Herodias. **Maar die ou slang en die jong adder stel alles aan die werk om Herodes te verblind**. Hulle weet wanneer en waarheen hy gaan en Herodias sorg daarvoor dat sy hom teëkom, terwyl sy so **aantreklik en verleidelik moontlik daar uitsien**. Hy gaan weliswaar nie daarop in nie, maar in sy hart begin dit tog steeds meer te gloei, sodat hy ten slotte self **geleenthede begin soek om die mooie Herodias so dikwels moontlik te ontmoet**.

[4] Toe dit ten slotte op sy verjaardag afloop, stel Herodias alles aan die werk om by die groot fees uit te kom. **Inmiddels wen die tempel ook by Herodias inligting in hoe ver sy met Herodes gevorder het**. En sy kon hulle niks anders sê as dat hy ondanks al haar kunsgrepe en bose liste geen stap verder gekom het nie. Aan wie of wat dit te wyte was, weet sy nie, wel merk sy nou duidelik dat Herodes haar tog graag wil sien en haar heimlik steeds meer agternasit.

[5] Toe die tempelpriester dit verneem, sê hy openlik **vir die twee vroue**: 'Dit is maar net die skuld van die water- en doopprofeet by wie Herodes sy verlossing gesoek het! Hy het hom self by die Jordaan gevange geneem om hom teen ons te beskerm, maar dit sal hom tog nie baat nie! Die waterprofeet moet en sal val! Hy is vir julle en vir ons die gevaarlikste steen des aanstoot! As dit nie vroeër geluk nie, dan sal dit tog op **die dag van Herodes** moet gebeur! Probeer tot elke prys die profeet te vernietig en dan sal julle Herodes om julle vinger kan draai!'

[6] Dit gee beide die vroue meer as voldoende opheldering oor die oorsaak van die mislukking van hulle pogings. **Beide beraadslaag nou hoe hulle Johannes ten gronde sou rig,** en die jong vrou betrek my in haar geheim en beloof my baie goud en silwer as ek Johannes op die een of ander goeie manier om die lewe sou bring. Daartoe laat ek my natuurlik nie oorhaal nie, maar ek maak tog asof ek so half en half met haar planne saamgaan. Dit doen ek egter net om beter agter al die slegte satansplanne te kom wat deur **beide die vroue en die tempelridders** teen die arme Johannes uitgebroei word.

[8] As dienaar moes ek wel gehoorsaam, hoewel ek maar al te goed besef het dat Johannes met hierdie hulp baie sleg daaraan toe was. Vanaf daardie oomblik af het Herodias byna daagliks in die huis van Herodes gekom en hy laat hom nie tweekeer uitnooi om sy geneigdheid tot haar aan te wakker nie. Dit kom die bose tempelpriesters baie gou ter ore en hulle **probeer die vroue voortdurend ompraat. Hulle beloof baie goud aan hulle** as hulle Herodes by geleentheid sovêr kon laat kry dat hy vir Johannes, wat soveel van die volk van die tempel afgerokkel het, die lewenslig sou laat uitblaas. Die ou tempelpriester sweer by die tempel dat hy hiervoor sou sorg en nie sou rus alvorens die waterprofeet geval het nie! Dit geluk die jong vrou nou ook nog om Herodes te belet om Johannes te besoek en opnuut raad by hom te gaan kry. Ek as dienaar durf Herodes ook nie aan die woorde van Johannes te herinner nie, omdat ek maar al te goed geweet het wat se `n tiran hy was as sy hart deur hartstog gegryp word.

[9] En so gaan hierdie bose saak verder tot by die **verjaardag van Herodes**. Net `n paar dae voor die dag moet daar iets tussen hom en Herodias voorgeval het, omdat sy sekerlik nie andersins die paar dae sou weggebly het nie. Maar juis hierdie paar dae maak die hart van Herodes vir die mooie Herodias in vuur en vlam, en die oorwinning oor Herodes wat sy op sy verjaardag sou vier, was dus daardeur verseker.

***GJE Boek 2 82:[7]*** *Toe kom sy leerlinge weer terug en vind tot hul groot skrik en leedwese die lyk van Johannes. Hulle neem die lyk, dra dit na buite en begrawe dit (Matthéüs. 14:12) ten aanskoue van talle duisende, wat huil en Herodes en sy hele huis onder tallose vloeke begrawe. **Herodias moes egter by die aanblik van die hoof van Johannes oombliklik met `n vreeslik vertrekte gesig dood neergeval het en haar dogter enige oomblikke later ook**. Herodes en al sy gaste het heeltemal verward die saal uitgevlug.*

# Lesing 17 - 29 Junie 2020 - Die vernietegende Isebelgees in die Boerevolk

### Groot Johannes Evangelie, Boek 1

***Slegte skole. Die enigste wat van belang is!***

**Hoofstuk 168 1** Nou kom `n fariseër-digter na My toe en sê: "Majesteit en Meester! Dit is alles baie mooi, goed en waar en daar is niks daarteen in te bring nie. Maar as die mense al die stowwe wat die aarde hulle so ryklik skenk, nie versamel en op die korrekte wyse verwerk nie, dan sal die aarde spoedig soos `n woestyn daar uitsien en geen enkele kultuur sal dan nog te vinde wees nie. Moet daar geen huise en allerlei skole wees nie? As dit verdwyn, dan bevind die mensdom hulle binne `n baie kort tyd in `n totaal dierlike toestand. `n Mens kan die wêreld tog nie volledig eenkant sit solank as wat `n mens `n burger van die materie is nie?"

[2] Ek (**JaHshua**) sê: "**U skole is dan juis daarop gerig om al die geestelike in die tere gemoed van die kinders te dood,** en daar sou dus weinig verlore gaan as die skole heeltemal verdwyn; want waarlik sê Ek u: as die wêreld u leraar is, wat kan jy geestelik dan van haar leer?

[3] **Wie nie in sy hart leer van Elohim nie, die bly in die nag van die wêreld en die lig van die lewe sal vir ewig ver van hom af bly!**

[4] Maar wie nie verlig word deur die ware lig van die lewe wat uit Elohim straal nie, **die is dood,** ook al sou hy oor die wêreld heen alle engelewysheid geleer het! Hoe lank sal die kennis hom van diens wees?

[5] Bly daarom in My, dan sal ook Ek in u wees en die wysheid van die hemele sal u hart vir ewig lewend vervul! Begryp u dit?"

[6] Toe die **fariseër** hierdie les uit My mond hoor, praat hy heel somber en met `n ernstige gesig: "O groot, heilige, voor die hand liggende Waarheid! Hoe heerlik en hoe groot is U! Hoe gelukkig sou al die mense op hierdie aarde nie wees as hulle in die heilige waarheid leef en hulle lewenswandel daarna sou inrig nie! Maar, o Meester, dit is `n lewensgrote maar! Solank daar nog `n stoffie van die aarde bestaan, of solank die mense hierdie aarde sal bewoon, sal daar **hebsug, nyd, gierigheid, hoogmoed en die alles bederwende heerssugtigheid** onder hulle wees, almal dinge wat fundamenteel tot die hel behoort; en op hierdie bodem sal hierdie Waarheid, wat ongetwyfeld uit die hemele is, tog nooit wortels kry nie en sal deur al die duisendmaal duisend volgelinge van die hel tot die laaste letter vervolg word! Waarvoor maak so `n hemelse Waarheid dan sin?

[7] As die mensdom vir die grootste deel vernietig word en `n **nuwe mensdom word op aarde gesit** en word vanaf die wieg in hierdie waarheid opgevoed, dan sal daar vrugte verwag kan word met hemelse deugde; maar soos wat die mensdom nou daar uitsien, is hulle vir die hel nog te sleg, laat staan vir hierdie waarhede uit die hoogste hemele!

[8] Ook al het U die plan om `n klein gemeente te stig wat in al hierdie suiwer hemelse Wysheid en Waarheid moet lewe en groei, dan sal sy tog geheel en al deur verskeurende wolwe omring word, wat ook, as hulle haar dan geestelik niks kan aandoen nie, haar tog voortdurend met aardse begrippe sal verontrus en angstig maak en sy sal hulle in haar suiwerheid nooit kan verhef nie; en wie weet buiten Elohim hoe na verloop van langer tyd, die nakomelinge van die suiwer gemeente daar sal uitsien?

[9] Mense is en bly mense, vandag engele, môre duiwels en dus kan mens ook die beste nie vertrou nie!

[10] JaHWeH voer tog sigbaar die kinders uit Egipte; hulle sien Hom dag en nag; in die woestyn waar Hy die wette gee, voed Hy hulle op wonderbaarlike wyse gedurende veertig jaar. Dit reën daar van die een wonder na die ander! - En slaan die geskiedenis daarvan weereens na, werp `n blik op ons teenswoordige lewens-, godsdiens- en ander vriendskapsverhoudings en kyk dan na die voormalige kinders van Elohim, en mens sal geen spoor meer vind van dit wat hulle eens was nie!

[11] Daarom sê ek en is ek vas daarvan oortuig, sonder ook maar in die geringste op U Liefde en U Wysheid vooruit te wil loop: Dit is ewig jammer van U Wysheid en sulke dade; want die mense is dit in ewigheid nie werd nie! Vuur en swael van die hemele, ja, dit is hulle werd, maar nooit in der ewigheid so `n onmeetlike barmhartigheid nie! Slegs op hierdie plek sê ek dit; want ek glo dat hier geen verraaier op ons loer nie. Maar as ons weer benede gaan, dan swyg ek weer soos die graf! Sê my, o Majesteit en Heer, het ek gelyk? Is dit so of nie?"

[12] Ek antwoord: "Vanuit `n aardse standpunt gesien het jy heeltemal gelyk; so is dit en so sal dit ook wees. Maar dit alles kan en mag My nie daarvan weerhou om die hemelse Waarheid aan die wêreld te verkondig nie!

[13] Want as die wêreld veroordeel moet word, moet sy dit vooraf gegee word wat haar in sigself sal veroordeel en ook wel moet veroordeel, naamlik: Die hemelse Waarheid wat nou deur My in hierdie wêreld gekom het, en ook al sal die Waarheid altyd vervolg word, hier sal bly.

[14] U mening ten opsigte van die slegte wêreld is goed en heeltemal korrek; maar tussen Elohim en die mense van hierdie aarde bestaan heel besondere betrekkinge, waarvan niemand iets weet nie, behalwe die Vader alleen en diegene aan wie Hy dit wil openbaar.

[15] Maar nou praat ons nie verder hieroor nie! Dit word al aand, - en dit word koud op hierdie hoogte, laat ons daarom die hutte ingaan! So is dit!"

# Lesing 18 - 30 Junie 2020 - Die vernietegende Isebelgees in die Boerevolk

## Kenmerke van die Isebel Gees (vervolg)

***19. Gebruik die element van verrassing***

Die vernaamste van 'n Isebel is om **in beheer te wees** en 'n groot deel van beheer is om jou onverhoeds te betrap. Daarom werk verrassing goed wanneer sy byvoorbeeld 'n dag vroeër opdaag vir 'n vergadering, ens.

***20. Saai gedurig onenigheid***

'n Isebel sal 'n ander persoon voortdurend op die mees subtiele manier **verkleineer**. Die strategie is om beheer te "verkry" deur die waarde van 'n ander persoon tot die minimum te beperk. Dit is algemeen dat sy **halwe waarhede** vertel om 'n ander persoon in jou oë te impliseer. Deur hierdie sade te saai, hoop sy (miskien onbewustelik) om uiteindelik 'n **oes van vernietiging** te maai om sodoende haar magsposisie te verbeter.

***21. Vereis aandag***

'n Isebel hou daarvan om die **middelpunt van aandag** te wees en hou nie daarvan dat ander persone erken en geprys word nie. As iemand anders erken word, sal sy vinnig daardie persoon se prestasies mondelings ondermyn.

***22. Is wraakgierig***

Aangesien 'n Isebel **nooit verkeerd** is nie, moet jy gereed wees dat jy haar ergste vyand sal word, **indien jy haar teëstaan of konfronteer.** Solank jy met haar saamstem, gaan alles goed. Maar as jy haar konfronteer of uitdaag, let goed op. Jy word die teiken van haar **felste gif**. 'n Isebel sal geen steen onaangeroer laat om jou reputasie te vernietig nie.

***23. Poog om jou te laat lyk soos die Isebel***

Dit is moeilik om 'n Isebel-gees vas te vat of neer te pen. Wanneer sy op die punt staan om gekonfronteer te word, sal sy die hele situasie **vaardig draai** en probeer om die onskuldige persoon te laat lyk soos die een wat probeer beheer. Soos altyd sal ’n Isebel alles doen om te lyk asof sy die een is wat reg is.

***24. Hou aan met afkeuring***

'n Isebel-gees sal dikwels **afkeur** wys vir diegene onder haar beheer. Die beheerde persoon voel dan gladnie vry om 'n mening uit te spreek nie, uit vrees vir afkeer. Dit kom gereeld na vore in 'n huwelik of binne 'n werksomgewing.

***25. ’n Isebel weet alles***

'N Isebel is gewoonlik blatant rakende haar kennis van alles. Vinnig om haar opinie op enige gebied uit te spreek, laat sy weinig ruimte vir iemand om die ander kant van die saak te stel. **Sy verafgod haar opinies en dwing hulle op almal af.**

***26. Isebel is ambisieus***

Die Isebel toon sterk begeertes, maar **alles vir haarself**. 'Ek wil hê wat ek wil hê wanneer ek dit wil hê,' beskryf haar aanbidding van haar eie wil. 'n Isebel-leier sal nooit die woorde, 'Ons het 'n visie' gebruik nie, maar eerder: "**My visie** is sus of so."

***27. Geskenke uitdeel***

**Geskenke uitdeel is 'n vorm van manipulasie** wat Isebel gebruik om jou altyd verplig tot haar te laat voel. Dit kompromitteer die slagoffer om nie direk en konfronterend waarheid te spreek nie. Natuurlik is almal wat geskenke gee nie skuldig aan beheer nie, maar geskenke gee is wel 'n taktiek wat gebruik word deur diegene wat 'n behoefte het aan beheer.

***28. Is onafhanklik***

Niemand kan insette lewer in die lewe van 'n Isebel nie. **Sy verbroeder met niemand**, tensy dit is om jou te laat "saamwerk" met haar agenda.

***29. Is godsdienstig***

'n Isebel wandel graag in die plaaslike kerk, maar hou nie van gesag nie, tensy sy in die gesagsposisie is.

***30. Isebel versteek haarself, - kruip weg***

Ons wil almal glo dat die persoon met 'n Isebel-gees gered is. Die persoon kom vir 'n tyd lank 'normaal' voor en vertoon geen van die voorgenoemde klassieke karaktertrekke nie. Dan sal daar skielik sonder waarskuwing 'n situasie ontstaan, weereens met die gees wat beheer oorneem en lewens verwoes.

Hopelik sal ware berou kom. Eers dan sal die persoon gered. Die goeie nuus is dat Elohim elke individu die vryheid van keuse gee. Elkeen het die vryheid om besluite te neem, om foute te maak, self te dink, te kommunikeer, om te hou of nie van nie en om sy / haar smaak en kreatiwiteit uit te druk.

Bogenoemde “***30 Traits of the Isebel Spirit***” is 'n uittreksel uit “Confronting Isebel: Discerning and Defeating the Spirit of Control” deur **Steve Sampson** (bladsye 62-68)